

Fiela se Kind Opsomming

ONDERWERP

INTRO

Fiela se Kind

Hierdie Projek is 'n opsomming van Fiela se Kind. Dit sal fokus op die tydlyn, karakters en hoofgebeure van Fiela se Kind

Tydlyn

(Bedryf 1, Toneel 1 - 4)

Al die belangrike gebeure van Fiela se Kind

Tydlyn

Eerste Bedryf

Toneel 1

- Die openingstoneel is van die Van Rooyens-gesin in die bos.
- Die mis is dik en Barta besef dat Lukas weg is.
- Hulle het vir agt dae na hom gesoek, maar kon hom nie kry nie. Sewe maande later het hulle 'n klein geraamte gevind, maar dit kon 'n kind of 'n bobbejaan s'n wees.

Toneel 1

1865 – Lukas verdwaal in die Bos

Toneel 2

Nege jaar later, in die Lange Kloof

- In die Langekloof op Wolwekraal (die Komoeties se plaas)...
- Fiela sien 'n perdekar en dink dit is smouse, maar dit is die sensusmanne.
- Benjamin arriveer en hulle sien dat hy 'n wit kind is en dit skok hulle.
- Fiela sê hy het voor die agterdeur gestaan en huil. Iemand het hom daar gelos.

- Die dikke sê dat 'n kind nege jaar gelede in die bos weggeraak het en hulle sal in Knysna oor die storie uitvind.

Toneel 2

Toneel 3

Olifante jaag Elias, die boswagter kom sê Lukas is gevind

- Elias is amper deur die olifante getrap. Hy verloor al sy gereedskap en Nina se kombes toe hy vir die olifante weggehardloop het.

- Die boswagter bring vir hulle 'n boodskap van die magistraat dat hulle moontlik vir Lukas lewend gevind het en wil hulle Vrydag in die hof sien.

Toneel 3

Toneel 4

Benjamin moet hof toe gaan – 'n besluit oor sy toekoms

- Die sensusmanne kom by Fiela aan en sê dat die magistraat, Mr Goldsbury, Vrydag vir Benjamin in Knysna wil sien.

- Fiela sê sy sal hom self vat, maar hulle sê dit te lank sal neem. (Die ironie is dat hulle dink 'n kind van drie kan oor die berg loop...)

- Fiela pak vir hom goed in 'n trommel en gee vir hom vyf sjielings en sê hy moet vir die magistraat "weledele heer" noem.

Toneel 4

Tydlyn

(Bedryf 2, Toneel 1-7)

Al die belangrike gebeure van Fiela se Kind

Tydlyn

Tweede Bedryf

Toneel 1

Benjamin word deur Barta uitgeken as Lukas

- Die magistraat vra Benjamin of hy enigiets kan onthou voor hy by die Komoeties gevind is.
- Die magistraat is geïrriteerd dat Benjamin vir hom “weledele heer” en “baas” noem.
- Benjamin staan langs vier seuns en Barta herken hom dadelik.

Toneel 1

Toneel 2

Lukas se eerste ruk by die Van Rooyens

- Die Van Rooyens loop met Lukas huis toe.
- Lukas ontmoet sy twee broers, Kristoffel en Willem, en sy suster, Nina.
- Nina sê dat sy vir Lukas die ’npad uit die bos wys.
- Lukas hardloop weg en Elias gaan uit om hom te vang.

Toneel 2

Toneel 3

Fiela probeer ’n klag lê by die magistraat

- Fiela loop vir twee dae oor die berg om die magistraat te sien.
- Sy praat met die konstabel en hy sê dat Benjamin by sy regmatige (regte) familie is.
- Fiela glo nie hierdie storie nie.

Toneel 3

Toneel 4

Elias bring Lukas terug en leer Nina ’n les

- Elias vang Lukas en dwing hom om sê dat hulle sy familie is.

- Nina probeer om weg te hardloop, maar sy word deur Elias gevang.
- Elias sny haar hare af met 'n mes.

Toneel 4

Toneel 5

Fiela gaan weer terug na die magistraat toe

- Fiela en Selling dink dat dit onmoontlik is dat'n kind van drie jaar oud van die Knysna bos na die Langkloof kan loop - op sy eie.
- Fiela sal na die Magistraat in Knysna reis.

Toneel 5

Toneel 6

Fiela gaan weer terug na die magistraat toe

- Fiela klop aan deure totdat sy die magistraat vind.
- Sy vra vir die magistraat om Barta te laat haal om te sê watter klere Benjamin die dag in die hof aangehad het.
- Die Magistraat sê dat die besluit klaar is en dat daar gevolge sal wees as sy meer vrae vra.

Toneel 6

Toneel 7

Boswagter Kapp en Fiela se besoek

- Boswagter Kapp besoek die Van Rooyens terwyl Lukas nie daar is nie.
- Elias en Barta leuen en se dat Lukas gelukkig is
- Elias vra vir Kapp of hy werk vir Nina in Knysna kan vind.
- Fiela het die Van Rooyens besoek, maar Elias dreig haar.

- Elias gee vir Lukas die dinge dat Fiela het verlaat

Toneel 7

Tydlyn

(Bedryf 3, Toneel 1 - 8)

Al die belangrike gebeure van Fiela se Kind

Tydlyn

Derde Bedryf

Toneel 1

Nina en Lukas verlaat die Bos

- Lukas gaan dorp toe om Nina te vind
- Op pad dorp toe sien hy 'n spookskip by Noetzie en ontmoet veldkornet Armstrong wat oor die skip in die nag waak (wag hou).
- Lukas hoor Nina werk by 'n vrou met die naam Miss Weatherbury.
- Nina wil nie meer haar geld vir haar pa-hulle stuur nie.
- Lukas vra vir Nina 'n groot guns aan die einde van die toneel. Hy vra vir haar om na die Bos toe te gaan en vir Elias te sê hy gaan nie terug nie. Hy is klaar met die Bos.

Toneel 1

Toneel 2

Lukas soek werk en vind uit Dawid is oorlede

- Lukas gaan vra vir 'n man waar hy kan leer roei.
- Hy praat met Kaniel September wat vir hom sê om vir Thesens te gaan werk (hulle bou 'n hawe in Knysna - Thesens-hawe).

- Kaliel sê dat hy hom kan help om oesters uit te haal, vis te vang, vis skoon te maak en droog. Hy sal verblyf en kos by Kaliel kan kry.

- Nina kom soek vir Lukas. Lukas voel hoe sy lyf reageer as hulle mekaar druk (hy besef hy is verlief op haar).

- Nina sê dat sy vir Miss Weatherbury werk.

- Latjie (van baas Petrus Zondag) het Nina vertel dat Lukas se broer, Dawid, dood is. Nina vertel dit vir Lukas.

- Lukas besluit om na die Lange Kloof toe te gaan.

Toneel 2

Toneel 3

Lukas gaan terug Lange Kloof toe

- Benjamin kom weer na sewe jaar op die Lange Kloof aan. (Hy het daar aangekom toe hy drie jaar oud was, is weg toe hy twaalf jaar oud was en is nou ongeveer negentien jaar oud...).

- Selling vra dat hulle die storie van die verlore seun in die Bybel vir hom lees.

- Benjamin bly vir langer as drie maande in die Lange Kloof.

- Hy leer om te roei op die dam. Benjamin werk hard en groei omdat hy nie meer van net patats leef nie, hy kry vleis in sy lyf.

- Hy vertel vir haar dat hy op Nina verlief is en dat hy onseker is oor wie hy is.

- Fiela sê net Barta kan vir Benjamin help om van Lukas van Rooyen verlos te word.

Toneel 3

Toneel 4 & 5

Lukas gaan terug Bos toe & ontmoet vir Nina op die strand

- Lukas gaan terug Bos toe om met Barta oor sy verlede te praat en om te vind of Barta sy ma is.
- Elias is weer deur die olifante getrap en is amper dood.
- Barta sê sy het dit voor die magistraat gesweer en sal dit weer sweer - hy is haar kind.
- In die volgende toneel is Nina en Benjamin op die strand.
- Hy vra vir Nina om nie meer so baie na hom toe te kom nie.
- Hy wonder of iemand weet wie hy is.

Toneel 4 & 5

Toneel 6

Lukas vind die waarheid uit

- Lukas gaan weer terug Bos toe om sy familie te sien.
- Lukas kan sien Barta probeer iets sê en dat iets verkeerd is.
- Barta erken uiteindelik dat sy die verkeerde kind gekies het.
- Sy kon nie meer met die leuen saamleef nie. Dit het te swaar geraak. Sy voel beter dat sy die waarheid kan praat, die leuen het haar fisies siek gemaak.
- Sy is oortuig dat hulle Lukas se bene langs die Homtini opgetel is.
- Een man se wil. Een sin het alles verander. (Die Lange)

Toneel 6

Toneel 7 & 8

'n Brief uit die Lange Kloof & Benjamin se ware identiteit

- Fiela en Selling vra vir Kittie om 'n brief aan Benjamin te skryf.
- Fiela sê hy moet laat weet as dinge sleg gaan sodat hulle hom kan help en meer doen as net bid.
- Fiela wil ook vir hom laat weet dat hulle al begin bou het op die Laghaans se grond (wat nou Benjamin se grond is as hy terugkom).
- Die drama sluit in toneel 8 af waar Lukas teruggaan na John Benn om vir hom te sê dat hy terug is en dat sy naam eintlik Benjamin Komoetie is. John Benn sê dat die Komoeties 'n gerepekteerde bloedlyn is.
- Hy vra dat Joop Stoep nog 'n dag vir hom moet instaan, want hy wil na Nina toe gaan.

Toneel 7 & 8

Karakters

Al die belangrike dinge oor al die hoofkarakters van die boek

Karakters

Lukas van Rooyen / Benjamin Koemotie

Lukas/Benjamin

- Hy is die hoofkarakter
- Hy is tussen twee wêrelde vasgevang. Hy kan nie sy herkoms in enige van die twee wêrelde bepaal nie
- Aan die begin van die storie hy is deel van die Komoetie-familie (wat sy familie is)
- Hy het 'n bekoring met bote (hy hou baie van water en bote)

Fiela Koemotie

- Fiela is die Ma van die Komoetie-familie

- Sy is die standvastige matriag van die familie, sy maak al die keuses (besluite) van die familie
- Sy is n bruin vrou en dit is beduidend, want een van haar kinders, Benjkamin, is wit.
- Sy werk baie hard, is glad nie lui nie. Haar kinders word opgevoed en kan lees en skryf

Fiela Koemotie

Selling Komoetie

- Die pa van die Komoetie-familie
- Hy is afhanklik van Fiela, sy kyk na hom. Hy brei leervelle en maak swepe en karwatse om geld vir die familie te genereer
- Hy is Fiela se man en die pa van die Komoetie-familie

Selling Koemotie

Elias van Rooyen

- Hy is die pa van die Van Rooyen-familie
- Hy is n swakkeling
- In teenstelling met Fiela werk hy nie, sy kinders doen al die werk
- Hy het nie 'n visie vir die toekoms nie, hy wil net 'n geweer in die hande kry om olifante te skiet vir hulle tande

Elias van Rooyen

Barta van Rooyen

- Sy staan in kontras met Fiela (maar sy wys darem groei wanneer sy uiteindelik die waarheid praat)
- Sy is die ma van Lukas

- Sy is skugter en sy praat min, sy doen wat haar man vir haar sê om te doen

Barta van Rooyen

Nina van Rooyen

- Sy is n buitestander

- Sy voel gemaklik in die bos

- Sy is n vrye gees, maar haar paar forseer haar om altyd te werken dis hoekom sy konflik met haar pa het.

Nina van Rooyen